


Syferruit 1

Gebruik die 1953-vertaling

Naam: _____ Gemeente _____

Sluitingsdatum: 15 Julie 2001. Stuur aan Posbus 2008, Primrose, 1416.



LEIDRADE:

AF:

TEKS

- 1 Die maksimum aantal vroue wat 'n man mag hê om vir 'n

ouderling te kwalifiseer.

- 2 Die rykste man onder al die kinders van die Ooste se lewende hawe. _____
- 3 Meer as hierdie aantal mense het nie die onderskeid tussen hulle regter en linkerhande geken nie. _____
- 4 Volgens die gesig van Daniël sal dit so lank neem om Jerusalem te herstel en op te bou _____
- 6 Volgens hierdie afmetings is dit die waarde van "pi". _____
- 7 Die aantal dae vanaf die afskaffing van die voortdurende offer totdat die ontsettende gruwel opgerig word. _____
- 8 Soveel broers is op een klip vermoor. _____
- 9 Die totale hoeveelheid houe wat die apostel van die Jode ontvang het omdat hy Christus verkondig het _____
- 10 So diep (in el) het die kwartels rondom die laer gelê. _____
- 11 Die aantal mense wat God doodgemaak het omdat hulle die ark bekyk het. _____
- 12 Eli se ouderdom by sy afsterwe. _____
- 14 Haar hals is so mooi soos die Dawidstoring waarin hierdie aantal skilde hang. _____
- 15 Asaf se aantal sangers _____
- 17 Die koopprys in sikkels silwer van Magpela _____
- 18 Hierdie syfer se berekening het die matrose se vermoede bevestig dat hulle naby land kom. _____
- 19 Hierdie aantal manne het verslete en geskeurde lappe om die toue gesit waarmee hulle die profeet uit die put getrek het. _____
- 21 Die aantal stene op die borstas van die hoëpriester _____
- 23 Die Here Jesus het aan hierdie groot aantal mense gelyk verskyn. _____
- 24 Hierdie aantal van Saul se nageslag is deur die Gibeoniete opgehang _____
- 25 Die hoeveelheid diere wat Jakob as geskenk aan Esau gestuur het. _____

- 26 So oud het Noag geword. _____
- 28 Wie verstand het, sal hierdie getal kan bereken. _____
- 31 Die aantal letters in die Hebreuse alfabet. _____
- 32 Die Bybelboek waarin die Naam van die Here nie voorkom
nie beklee hierdie plek in die ry van Bybelboeke _____
- 33 Die aantal esels op Nehemia se inventaris _____
- 34 Herodus die Grote het soveel jaar aan die tempel gebou. _____
- 36 Benhadad het hierdie aantal kamele vir Elisa aangebied as
konsultasiefooi. _____
- 39 In hierdie Psalm raak Dawid in vervoering omdat hy so
vreeslik wonderbaar is. _____

DWARS

TEKS

- 1 Die totale aantal hoofstukke in die Bybel. _____
- 3 Die aantal byvroue van Dawid wat Absalom oenteer het _____
- 5 Onder die bewind van Dawid het hierdie aantal uitlanders
in die land Israel gewoon. _____
- 7 Korag was verantwoordelik vir hierdie aantal sterftes. _____
- 9 Volgens hierdie aantal letters is dit die korste vers in die
1953 vertaling. _____
- 10 Die lengte (in el) van die stuk land wat die Here deur
Esegiël eis as offergawe. _____
- 12 Sy ouderdom - 'n rekord tot op hede! _____
- 13 Op hierdie ouderdom is Abraham besny _____
- 15 Die aantal letters in die kortste hoofstuk van die Bybel. _____
- 16 Die aantal voorwerpe van goud wat Nebukadnesar uit
Jerusalem weggevoer het en in die huis van sy god gesit
het. _____
- 18 Salomo se ry- en trekperde het soveel krippe gehad. _____
- 19 Die aantal jaar wat Dawid in Jerusalem regeer het. _____
- 20 Hierdie aantal linkshandige manne kan op 'n haar slinger
sonder om te mis. _____

- 21 Isak se ouderdom _____
- 22 Die aantal Bälprofete is by die Kisonspruit geslag. _____
- 24 Die Jode het soveel van hulle haters om die lewe gebring sonder dat hulle van die buit gevat het _____
- 27 Die aantal soldate wat Petrus in die gevangenis moes bewaak _____
- 29 Die aantal priesterrokke wat goewerneur Nehemia bygedra het tot die fonds. _____
- 30 Hierdie aantal manne is met 'n osdrywerstok verslaan _____
- 31 Soveel diere was nodig om Josef se geskenk aan sy vader te vervoer _____
- 33 Die aantal direkte bloedverwante van Jakob wat na Egipte gegaan het. _____
- 34 Na Elia se gebed het dit vir hierdie aantal maande nie gereën nie. _____
- 35 Lameg se ouderdom _____
- 37 In Jesaja se gesig het elke seraf soveel vlerke gehad. _____
- 38 Dawid het hierdie aantal voorhuide van Filistyne gelewer as bruidsprys vir Miga. _____
- 39 Josef se ouderdom _____